MIX TELEMATICS

Opspoorder verdien sy spore

SEDERT sy ontbondeling uit Control Instruments kry die voertuigopsporing-spesialis Mix Telematics nogal swaar op die JSE.

Verlede week was daar egter spekulatiewe belangstelling in die aandele ná die bekendmaking van bemoedigende syfers vir die jaar tot einde Maart. Met die ter perse gaan het Mix se aandeelprys deur 80c gebreek – ver van sy jaar-laagtepunt van 33c in Februarie.

Die jongste resultate is aantreklik. Die wins was R69 miljoen op 'n omset van R958 miljoen. Dit beteken 'n verdienste van 10,6c per aandeel – 15,9c per aandeel as ons nie die aanpassings by die maatskappy se Omnibridge-filiaal in ag neem nie.

Die indrukwekkendste is dat die verdienste van topgehalte is, met bedryfswinste van R135 miljoen wat meer as geëwenaar word deur die netto bedryfskontantvloei van R139 miljoen. Dit behoort alle vrae oor of Mix dit kan bekostig om sy aandeelhouers 'n dividend te betaal, te antwoord.

Hoewel die voertuigopsporingsmark mededingend is en handelstoestande waarskynlik moeilik sal bly, bied Mix wel 'n mate van troos deurdat sy annuïteitsinkomste in die jaar tot einde Maart met 21% tot R419 miljoen gegroei het. Dit beteken dat die annuïteitsgebaseerde inkomste ongeveer 44% van die totale inkomste uitmaak.

Mix het ook 'n aansienlike internasionale voetspoor, en in die verslagtydperk het sy buitelandse inkomste met 45% tot R426 miljoen gegroei.

Die enorme groei in buitelandse inkomste het nie groot koste tot gevolg gehad nie; sy netto winsgrens het net effens van 23% tot 21% ingekrimp.



Vermoedelik sal die winsgrens op buitelandse kontrakte beduidend groei namate die rand teenoor die belangrikste geldeenhede verswak.

Tans is Mix se markkapitalisasie R560 miljoen, wat ietwat beskeie lyk met dié dat die aangepaste wesensverdienste net meer as R100 miljoen is en die wesensverdienste R80 miljoen.

MARC HASENFUSS